# SPEAK LIFE II:  The conversation between you and yourself

***We're going to have to let truth scream louder to our souls than the lies that have infected us...***

## Saambid

Begin hierdie bybelstudie weer deur eers saam te bid. (*Die hele reeks gaan oor die impak van ons woorde, en in gebed het ons 'n geleentheid om 'n verhouding te herstel met nuwe woorde...)*

- **Dankie sê:** Gee vir elkeen kans om vir die Here dankie te sê vir net een saak
- **Belydenis**: Gee vir elkeen kans om een saak te bely – *as julle vrymoedigheid het, hardop, anders in stilgebed – dit bied elkeen die kans om baie eerlik te wees (onthou: die Here weet in elke geval wat dit is)*
- **Voorbidding:** Gee vir elkeen kans om vir die Here te vra vir net een saak

## Saamlees

**Lees Jakobus 3:1-12**

**Watter waarskuwings wil Jakobus hier gee oor die manier waarop ons woorde (ons tong) gebruik en die impak van ons woorde?**

- **Vers 2**
- **Vers 5**
- **Vers 6**
- **Vers 8**
- **Vers 9 -12**

## Saampraat

**Ons woorde het ongelooflike krag**.  Elke woord wat ons sê beinvloed onsself en ander mense. Ons mag nooit die effek wat dit ook op onsself het onderskat nie.
Die manier waarop ons met onsself praat, dit wat ons vir onsself sê, het 'n baie groot impak op ons lewens.

**Watter negatiewe goed sê jy soms vir jouself oor hoe en wie jy is?**

**Watter negatiewe goed het ander (***ouers, vriende, maats, man, vrou***) al vir jou gesê** wat 'n invloed het op die manier wat jy oor jouself dink?

*Die hartseer is dat ons dit onbewustelik begin glo en dit ons karakter vorm*

Op een of ander manier **moet ons die siklus van negatief praat met onsself en dink oor onsself breek.** Ons kan gewoonlik nie keer dat mense vir ons negatiewe goed sê nie, maar ons het 'n keuse of ons dit in ons gedagtes en lewens gaan toelaat.

**Hoe breek ons die siklus?** Die beginsel is dat ons **God op sy Woord en Beloftes moet vat** – ons moet begin om na 'n ander stem oor ons te luister. Die beginsel is dat ek God se alternatief (sy ander woorde) moet ken en ek kan dit net leer ken as ek dit lees en daaroor nadink en die waarheid daarin begin glo.

*(Voorbeeld van apps wat oop is op ons foon en die battery gouer pap maak;*
*Presies dieselfde gebeur met ons as ons na allerhande ander stemme luister)*

**Hoe wil die volgende teksverse ons hiermee help? Watter beloftes en watter uitdagings kry ons hier:**

- **1 Petrus 3:14b-16**
- **1 Korintiërs 10:4-5**
- **Psalm 139:13-16**
- **Johannes 3:16-18**
- **2 Petrus 1:3**

**GROOT UITDAGING VIR DIE WEEK:** ***We're going to have to let truth scream louder to our souls than the lies that have infected us...***

- ***Maak tyd om Bybel te lees, dink daaroor, sit dit in jou hart: Hier is 'n ander woord oor wie ons is...***
- ***Begin God se beloftes in die Bybel opweeg teen ander woorde en ander stemme wat negatief en afbrekend praat.***
- ***Maak 'n punt om net een belofte hierdie week te vat – elkeen deel dan volgende week watter belofte jy geneem het...***

## Afsluiting

**Bid weer saam en vra die Here om julle met hierdie week se challenge/uitdaging te help... om na 'n ander stem oor ons lewens te luister.**